HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

WEEKBRIEF 9 | **15 MAART 2024**

UIT DIE KANTOOR

In ‘n oogwink het ons gekom aan die einde van die eerste kwartaal. Dit was ‘n baie geslaagde kwartaal met vele aktiwiteite wat suksesvol aangebied was. Hoogtepunte het u op ‘n weeklikse basis in die weekbriewe ontvang en uitdagings is na die beste van ons vermoë in die kantoor hanteer.

Hiermee wil ek graag elke ouer, leerder en personeellid vir hul bydrae tot JF se sukses, bedank. Sonder julle sou ons drome by JF nie kon vlerke kry nie. Baie geluk aan elke leerder wat op akademiese en buitemuurse gebied puik prestasies behaal het. Daar is geen plaasvervanger vir harde werk nie!

In die laaste stuiptrekkings van die eerste kwartaal is dit goed om stil te word en ons Hemelse al die erkenning en dank te gee vir al die genade en seën wat Hy so onvoorwaardelik oor JF uitstort. Ons sien elke dag die die opgewondenheid en vriendelike glimlagte op ons leerders se gesigte, ons sien hoe hulle die lewe voluit geniet en vol entoesiasme deelneem aan alles wat die skool hulle bied. Ek is regtig baie trots op ons kinders, ouers en personeel wat saam in vennootskap hierdie puik skool bestuur.

Vorderingsverslag

‘n Verslag van u kind se akademiese vordering sal net na die vakansie per hand aan u gestuur word. Die verslag is gebaseer op toetse, werkstukke en take wat gedurende die eerste kwartaal afgehandel is.
U moet dit egter teen die agtergrond beoordeel dat dit slegs ‘n klein volume werk is waaroor terugvoering gegee is. As u enige navrae wil doen oor u kind se akademiese vordering, sy gedrag of aanpassing in die skool, wil ek u aanmoedig om die

graadhoof/registeronderwyser wat die vorderingsverslag onderteken het, te kontak. Woon ook die Oueraand op 17 April 2024 by. (U moet met die betrokke personeel afsprake maak.)

Sporttoere

Daar is van ons netbal, rugby- en hokkiespanne wat gedurende die vakanie op toer gaan. Baie dankie aan al ons ouers en borge wat hierdie toere vir die kinders moontlik maak. Dit bly ons ideaal om te midde van tawwe mededinging, verdraagsaam teenoor elke opponent, hul ouers, grensregters en skeidsregters te wees. Dit geskied op só 'n manier dat ons respek toon en poog om die regte voorbeeld te stel. Ons doen weer 'n beroep op ons eie leerders, afrigters, ouers en ondersteuners om ons hierin te ondersteun.

Geniet die res van die weekbrief en bly op hoogte van al die wonderlike uitslae wat die afgelope paar weke behaal is. #Trots JF. # droomgrootdroomJF

Verder word u en u kind(ers) 'n heerlike rustyd toegewens. Mag die herdenking van Jesus se dood en opstanding en die groot genade van God die Vader, tydens die Paasnaweek, u opnuut aanraak en inspireer. Wees asseblief veilig op ons land se paaie en kom veilig terug sodat ons die tweede kwartaal met hernude krag en energie kan aanpak.

Moet nooit iemand op sy baadjie takseer nie... Partykeer skuil die mooiste hart in 'n verslete jas.

JF -groete

Henri Wilken

Maart

15 – 16 Maart
Wesgrow: H/S Goudveld (Weg)
15 Maart
Beheerliggaamverkiesing
20 Maart – 23 Maart
Hokkietoer: O/14-seuns / dogters (Nelspruit)
20 Maart
Skool sluit
Toetsreeks eindig
21 Maart
Atletiek: ASA
21 Maart – 26 Maart
Rugbytoer: O/14, O/15 en 2de span (Glenwood)
21 Maart – 24 Maart
Hokkietoer: Dogters 1ste / 2de span (Union High)
22 Maart – 27 Maart
Rugbytoer: O/16 en 1ste span (Glenwood)
24 – 27 Maart
Netbaltoer: O/14 / 1ste span (Affies Pretoria)
29 Maart – 2 April
Hokkietoernooi: Seuns / Dogters O/16 A,B (Elsie Coetzer, Bloemfontein)
2 April
Radikale Redenaars: Uitslae
3 April
Skool begin
VRL-vergadering
4 April
JFFJ-leiersvergadering
5 - 6 April
Wesgrow: H/S Fichardtpark (Weg)
Saalopening: 1ste spanne

17 April
OUERAAND
17 April
OUERAAND
17 April
OUERAAND
17 April
OUERAAND

Geagte Ouers
Sien asseblief die brief gerig aan mnr. Sethoba, JF se kringbestuurder. Op grond van die inhoud sal u sien dat daar nie meer op Vrydag, 15 Maart 2024 'n BL-verkiesing gaan plaasvind nie. Baie geluk en dankie aan die ouers wat deel gaan wees van die BL in die komende termyn.

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

h/v Wildeals & Lilaclaan
Gardenlapark
BLOEMFONTEIN
9301

☎ (051) 502 1760/1
(051) 522 6858
e Admin: admin@jf.co.za
Skoolhoof: hoof@jf.co.za
Webbladsy: www.jf.co.za

Privaatsak X40002
FICHARDTPARK
9317

JF maak die verskil
Gestig in 1959

Mr T Sethoba : Circuit Manager
Free State Department of Education
BLOEMFONTEIN
9301

13 March 2024

Dear Mr Sethoba

SCHOOL GOVERNING BODY : ELECTIONS 2024

The matter above refers.

The School Governing Body Election for Jim Fouché Secondary School was scheduled to take place on Friday, 15 March 2024 from 06:30 – 18:30.

The parent component of the SGB consists of nine members. Notice of the SGB Election was given to the parents in our weekly newsletter on 9 February 2024. Subsequent to this notice, an official notice (by means of letters to each parent) was given on 13 February 2024. It was clearly stated that nominations must be handed in at the office not more than 7 days and not less than 3 days prior to the elections.

Nine nominations were received for the parent component of the SGB. Because the total number of valid nominations were equal to the required number of parent members, those nominated are declared duly elected to the SGB.

The elected members of our School Governing Body are:

- Rudolf Frederik Dreyer
- Jacobus Stephanus Els
- Christian Botha Marais
- Gerhard van der Merwe
- Jan Hendrik Venter
- Johannes Lodewickus du Preez
- Johann Murray Kleyn
- Aletta Maria Slabbert
- Hermanus van Vuuren

The necessary documents will be submitted in due time.

I trust that you will find the above in order.

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
PRIVAATSAK X40002
13 -03- 2024
FICHARDTPARK
BLOEMFONTEIN 9317

Mr J Fourie
ELECTORAL OFFICER
PRINCIPAL : JIM FOUCHE PRIMARY SCHOOL

Mr H C Wilken
PRINCIPAL
Cell: 083 561 6653

TOETSROOSTER -

TOETSREEKS, 4 - 20 MAART 2024

REËLINGS

Volgens departementele voorskrifte moet daar in meeste vakke 'n assessering vir kwartaal 1 plaasvind in die vorm van 'n toets. Meeste toetse word daagliks vanaf 12:30 tot 13:40 geskryf. Daar word in hierdie tyd ook voorsiening gemaak vir leerders met ekstra skryftyd. Sekere vraestelle is egter, volgens departementele voorskrifte, langer as 1 uur en leerders sal dus later as 13:40 voortgaan met die betrokke vraestelle. Indien die vraestel langer as een uur is sal die vakpersoneel reëlings met die betrokke vakgroep tref. Sommige Graad 8 en 9 vraestelle neem die vorm van 'n assesseringstaak aan. Vakpersoneel sal die reëlings rondom hierdie take aan leerders deurgee. Alle grade gaan elke dag normaal aan met skool tot 12:05.

Die skooltye tydens die toetsreeks is as volg:

07:25 tot 07:57	Periode 1
07:57 tot 08:30	Periode 2
08:30 tot 09:02	Periode 3
09:02 tot 09:35	Periode 4
09:35 tot 09:55	Pouse
9:55 tot 10:27	Periode 5
10:27 tot 11:00	Periode 6
11:00 tot 11:33	Periode 7
11:33 tot 12:05	Periode 8
12:05 tot 12:20	Pouse
12:20	Aantree by toetslokale
12:30 tot 13:40	Toetsperiode

Leerders wat op 'n betrokke dag 'n vraestel skryf moet reeds om 12:20 by die toetslokale wees sodat administratiewe reëlings getref kan word. Graad 8 en 9 leerders skryf alle vraestelle in registerklasverband in die registerlokale. Graad 10 tot 12 leerders sal in spesifieke lokale ingedeel word vir die skryfsessie. Hierdie lokale sal later aan leerders bekend gemaak word.

Leerders wat nie op 'n betrokke dag skryf nie, sal om 12:05 verskoon word. Hierdie leerders moet asseblief die skoolterrein verlaat en nie 'n steurnis wees vir leerders wat nog toetse skryf nie.

Leerders wat afwesig is tydens toetse moet 'n mediese sertifikaat inhandig en 'n reëling met vakpersoneel tref om die toets in te haal.

Op **20 Maart** sluit die skool om 09:00. Leerders wat op 20 Maart by skryfsessies betrokke is moet dus om 07:45 by die toetslokale aanmeld en die skryfsessie sal van 08:00 tot 09:00 wees.

Hierdie is 'n toetsreeks en nie eksamen nie. Skool gaan elke dag normaalweg voort en die toets word aan die einde van die dag geskryf. Personeel gaan normaalweg voort met onderrig in klastyd en daar sal ook huiswerk gegee word. Leerders wat deur die dag afwesig is van skool sal nie toegelaat word om die toets op die betrokke dag te skryf nie.

Graad 8

18 Maart	8	EBW	12:30 tot 13:30	Registerklasse
19 Maart	8	SW	12:30 tot 13:30	Registerklasse
20 Maart	8	REM		

TOETSROOSTER -

TOETSROOSTER - MAART 2024

Graad 12

18 Maart	12	REK	12:30 tot 14:00	106
				111
		WISK	12:30 tot 13:30	112
				12
		WWWG	12:30 tot 13:30	203
				110
				34
19 Maart	12			106
20 Maart	12	DRAMA	08:00 tot 09:00	K30

Graad 11

18 Maart	11	FW	12:30 tot 14:30	30
				105
		LW	12:30 tot 13:30	210
				28
				204
19 Maart	11			107
20 Maart	11	LO	08:00 tot 09:00	Soos gereël

Graad 10

18 Maart	10	FW	12:30 tot 14:30	202
				209
		KUNS	12:30 tot 13:30	9
		LW	12:30 tot 13:30	3
				9
				202
19 Maart	10			205
20 Maart	10	MUSIEK	08:00 tot 09:00	Soos gereël

Graad 9

18 Maart	9	WISK	12:30 tot 13:30	Registerklasse
19 Maart	9	ENG	12:30 tot 13:30	Registerklasse
20 Maart	9	REM		

TOETSROOSTER

UIT DIE KANTOOR VAN

Sielkundige

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

DIE WEEKLIKSE HUISWERK FIASKO!

Huiswerk (en leertyd) kan 'n rustige huishouding in 'n oomblik in 'n fiasko laat ontaard. U as ouer ken dit miskien goed. Maar wees gerusgestel – daar is planne wat gemaak kan word by die huis om die fiasko te voorkom.

Hoe kan u as ouer huiswerktyd makliker by die huis maak?

1. Behou kontak met die skool en onderwysers. Kyk gereeld na die weekbrief, D6 en woon oueraande by. Dit is belangrik dat u as ouer bewus is hoe die skool situasies hanteer waar huiswerk nie gedoen word nie.

2. Help u kind om 'n huiswerkvriendelike area by die huis te skep. Dit beteken dat die hele huishouding moet besef huiswerk is prioriteit en dit moet gedoen word. Dit sluit ook in om jou kind te leer van organisasie sodat jou kind huiswerk in 'n georganiseerde manier kan doen.

3. Help en ondersteun u kind as die huiswerk oorweldigend lyk – moenie die huiswerk vir hulle doen nie, maar wys hulle hoe om te prioritiseer en te begin.

4. Ondersteun u kind deur TV, musiek en tegnologie minder te maak as dit huiswerktyd is – dit is moeilik om te fokus as sussie/boetie hard in die sitkamer hard TV kyk.

5. Motiveer EN monitor – vra u kind daagliks oor huiswerk, take en toetse. Al voel u soms u kind gee elke keer dieselfde antwoord – hou aan vra. Wys vir u tiener dat u belangstel en daar is vir hulle.

6. Prys positiewe gedrag – as daar byvoorbeeld geen strafkaarte gegee was vir huiswerk nie, let daarop en prys u kind.

7. Indien u kind sukkel om te fokus of werk te voltooi, is dit 'n goeie idee om hom/haar in 'n publieke area by die huis te laat leer waar u hulle kan herinner om te fokus as hul sukkel.

8. Moedig u kind aan om breke te neem, maar sonder die tegnologie – dit is maklik om meer tyd op tegnologie te spandeer as wat beplan is. Tegnologie is vir na huiswerk.

9. In die hoërskool is werk meer en moeiliker – dus kan die naweek nie begin as huiswerk en leerwerk nie afgehandel is nie.

10. Indien huiswerk en leertyd 'n uitdagende tyd is by die huis, wat lei tot argumente en konflik, is dit belangrik om duidelike gevolge te stel vir u tiener. Moenie elke aand in 'n argument betrokke raak oor huiswerk nie – wees duidelik dat huiswerk en leerwerk 'n prioriteit is, en indien dit nie gedoen word nie, daar 'n gevolg sal wees. Die gevolg moet dan konsekwent plaasvind.

11. En dan laaste, maar nie die minste nie – huiswerk, inhandigingsdatums en leerwerk moet deur u as ouer as 'n prioriteit in die huis gesien word. Dan sal u kind sien dit is die regte ding om eers huiswerk te doen.

Indien van die inligting hierbo vir u van waarde kan wees, kan u solank begin beplan om dit te implementeer en vir u kinders te verduidelik dis hoe dit gaan werk van nou af. Moenie dat die hele jaar in 'n huiswerkfiasko ontaard nie!

Hoe kan u as ouer huiswerktyd makliker by die huis maak?

Bronne:
https://kidshealth.org/en/parents/homework.html
https://www.empoweringparents.com/article/child-refuses-to-do-homework/

Ons wat
hierdie skat
in ons het, is
maar
kleipotte
wat maklik
breek; die
krag wat
alles oortref,
kom dus van
God, nie van
ons nie.
2 Kor. 4:7-9
skat
krag
Maar wat ongee

Kultuur

Voorslag Voortrekkers

Die jeugleiers van Voorslag- kommando het die gebiedsjeugleier-verkiesingskamp by Doornkloof die afgelope naweek bygewoon.

Baie geluk aan Reghard Becker wat verkies is om op die gebiedsjeugraad te dien!

ATLETIEK

JF SPOG MET 17 ATLETE WAT VIR DIE VRYSTAAT ASA SPAN GEKIES IS!

Dogters o/16:
Dané Neethling - 400 m
Miné Kriek - Vyfkamp
Rukaiya Sampson - Verspring
Neldri du Toit - Hamergooi
Maruné Dreyer - Vyfkamp
Lin-Mari van Zyl - Hoogspring

Dogters o/18:
Danell Oelofse - 3000 m
Danell Oelofse - 2000 m Hindernis
Hanel Browne - Verspring
Hanel Browne - Driesprong
Johaney du Toit - Hamergooi
Robyn Viljoen - Verspring
Amoné Verwey - Verspring
Amoné Verwey - 200 m

Seuns o/16:
Ruan Kruger - Hamergooi
Jayden Barlow - 400 m

Seuns o/18:
Joshua Oosthuizen - 100 m
Joshua Oosthuizen - 200 m
Conrad van der Zwaard- Diskus
Danny Melaat - Driesprong

Seuns o/20:
Bertie Cruywagen - 100 m
Bertie Cruywagen - 200 m
Bertie het met sy tyd vir die 200 m ook vir die senior ASA gekwalifiseer!

#TROTSJFATLETIEK

#TROTSJF

ATLETIEK

ATLETIEK VRYSTAAT SKOLE

Die volgende atlete is in die Vrystaatspan ingesluit wat 3-6 April in die Paarl gaan deelneem.

12 ATLETE

Bertie	Cruywagen	100 m	200 m
Amone	Verwey	200 m	
Danell	Oelofse	2000 m Hindernis	
Hanel	Browne	Verspring	Driesprong
Johaney	Du Toit	Gewigstoot	Hammer
Joshua	Oosthuizen	100 m	200 m
Danyon	Melaat	Verspring	Driesprong
Conrad	van der Zwaard	Gewigstoot	
Zanel	Carelzen	Spiesgooi	
Neldri	Du Toit	Hammer	
Ruan	Kruger	Hammer	
Robyn-Leigh	Viljoen	Verspring	

#TROTSJF

Bertie Cruywagen en Joshua Oosthuizen is ook al twee gekies om vir die Vrystaat Span-aflosse en Medleys te hardloop.

#TROTSJFATLETIEK

#TROTSJF

Dogters 19:
3de plek - Marli Smith. Spiesgooi. 32.34 m
6de plek – 4 x 100 m Aflos

Dogters 17:
1ste plek – Amoné Verwey. 200 m. 00:25.78
1ste plek – Johaney du Toit. Hamergooi. 45.65 m
1ste plek – Amoné Verwy. Verspring. 5.15 m
2de plek – Robyn – Leigh Viljoen. Verspring. 5.06 m
4de plek – Johaney du Toit. Gewigstoot. 12.12 m
5de plek – Amoné Verwey. 100 m. 00:12.89

Dogters 16:
1ste plek – Danell Oelofse. 2000 m Hindernis. 07:12.44
Asook 'n nuwe rekord!
1ste plek – Danell Oelofse 3000 m. 10:48.22
1ste plek - Hanel Browne – Verspring. 5.30 m
2de plek – Hanel Browne – Driesprong. 10.50 m
4de plek – Mia Aucamp. 100 m. 00:13.14
4de plek – Mia Aucamp. 200 m. 00:27.00
6de plek – Danika Kotzé. Verspring. 4.43 m
6de plek – Alida Smit. 400 m. 00:66.52

Dogters 15:
1ste plek – Zanelle Carelzen. Spiesgooi. 39.11 m
2de plek – Neldri du Toit. Hamergooi. 42.51 m
6de plek – Neldri du Toit. Gewigstoot. 10.22 m
5de plek – Lin-Mari van Zyl. Hoogspring. 1.45 m

Dogters 14:
3de plek – Simoné du Toit. Spiesgooi. 29.79 m
4de plek – Dané Neethling. 400 m. 00:62.43
4de plek – Rukaiya Sampson. Hoogspring. 1.40 m
5de plek – Dané Neethling. 200 m. 00:27.36
5de plek – Carolina Geldenhuys. Spiesgooi. 25.56 m
5de plek - Simoné du Toit. Hoogspring. 1.40 m

Seuns 19:
1ste plek - Bertie Cruywagen. 100 m. 00:10.44
1ste plek – Bertie Cruywagen. 200 m. 00:20.71

Seuns 17:
1ste plek – Danny Melaat. Driesprong. 14.29 m
1ste plek – Conrad van der Zwaard. Gewigstoot. 15.31 m
3de plek – Danny Melaat. Verspring. 6.63 m

Seuns 16:
1ste plek – Joshua Oosthuizen. 200 m. 00:21.73
Asook 'n nuwe rekord!
2de plek – Joshua Oosthuizen. 100 m. 00:10.80
3de plek – Tiaan Buys. Gewigstoot. 12.74 m
4de plek – Tiaan Buys. Hamergooi. 39.73 m

Seuns 15:
2de plek – Jareth Scott. Driesprong. 11.68 m
2de plek – Ruan Kruger. Hamergooi. 43.49 m
5de plek – Ruan Kruger. Gewigstoot. 13.00 m

Seuns 14:
3de plek – Wian Burger. 200 m 00:24.34
4de plek – Nico Coetzee. 200 m. 00:24.57
5de plek – Nico Coetzee. 100 m 00:12.21
5de plek – Retief Ehlers. Verspring. 5.28 m

Vrystaat Atletiek
Jim Fouché eindig 4de uit 190 skole!
12 Vrystaatkampioene
2 rekords

#TROTSJFATLETIEK

#TROTSJF

Hokkie

WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

12 Maart 2024

UITSLAE: HOKKIEDOGTERS

JF O.14A	6	VS.	3	WITTEBERG O.14A
JF O.14B	0	VS.	7	WITTEBERG O.14B
JF O.16A	2	VS.	3	WITTEBERG O.16A
JF O.16B	0	VS.	0	WITTEBERG O.16B
JF O.16C	5	VS.	3	WITTEBERG O.16C
JF O.18A	1	VS.	7	WITTEBERG O.18A
JF O.18B	3	VS.	3	WITTEBERG O.18B

UFS

SENTRAAL24

Hokkie

WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

12 Maart 2024

UITSLAE: HOKKIESEUNS

JF O.14A	0	VS.	0	WITTEBERG O.14A
JF O.16A	11	VS.	0	WITTEBERG O.16A
JF O.16B	7	VS.	0	WITTEBERG O.16B
JF O.18A	4	VS.	1	WITTEBERG O.18A
JF O.18B	4	VS.	0	WITTEBERG O.18B

UFS

SENTRAAL24

Netbal

WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

12 Maart 2024

UITSLAE: NETBAL

JF O.19A	50	VS.	19	WITTEBERG O.19A
JF O.19B	30	VS.	1	WITTEBERG O.19B
JF O.19C	20	VS.	19	WITTEBERG O.19C
JF O.19D	13	VS.	20	WITTEBERG O.19D
JF O.15A	19	VS.	22	WITTEBERG O.15A
JF O.15B	18	VS.	5	WITTEBERG O.15B
JF O.15C	17	VS.	6	WITTEBERG O.15C
JF O.15D	13	VS.	2	WITTEBERG O.15D

Netbal

WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

12 Maart 2024

UITSLAE: NETBAL

JF O.14A	15	VS.	23	WITTEBERG O.14A
JF O.14B	29	VS.	17	WITTEBERG O.14B
JF O.14C	11	VS.	5	WITTEBERG O.14C
JF O.14D	10	VS.	6	WITTEBERG O.14D
JF O.16A	30	VS.	14	WITTEBERG O.16A
JF O.16B	35	VS.	1	WITTEBERG O.16B

UFS

SENTRAAL24

Rugby

WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

12 Maart 2024

UITSLAE: RUGBY

JF O.14A	0	VS.	50	WITTEBERG O.14A
JF O.14B	0	VS.	38	WITTEBERG O.14B
JF O.15A	22	VS.	10	WITTEBERG O.15A
JF O.15B	33	VS.	10	WITTEBERG O.15B
JF O.16A	15	VS.	25	WITTEBERG O.16A
VIERDE SPAN	24	VS.	10	VIERDE SPAN
DERDE SPAN	19	VS.	17	DERDE SPAN
TWEEDE SPAN	19	VS.	22	TWEEDE SPAN
EERSTE SPAN	24	VS.	24	EERSTE SPAN

UFS

SENTRAAL24

Hokkie

WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

HOKKIE BEPALINGS

15 Maart 2024

GOUDVELD VS JIM FOUCHE

GOUTIES ASTRO

TYD	SPAN
13:00	2DE MEISIES
14:00	O/14 A MEISIES
15:10	O/16 MEISIES
16:20	1STE MEISIES

A-VELD

TYD	SPAN
13:00	O/14B MEISIES
14:00	3DE MEISIES

Tyd	Span	
09:30	o/16A	SEUNS
10:40	2de span	SEUNS
11:50	1ste span	SEUNS
13:00	o/14A	SEUNS

Hokkie

WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

HOKKIE BEPALINGS

15 Maart 2024

GOUDVELD VS JIM FOUCHE

A-VELD

TYD	SPAN
09:00	O/14A
10:00	O/15A
11:00	O/19B
12:15	O/16A
13:30	O/19A

B-VELD

TYD	SPAN
09:00	O/19C
11:30	O/14B
12:30	O/15B

UFS

SENTRAAL24

Hokkie RUGBY

Hokkie Rugby

Jim Fouché Hoërskool

KAR WAS

9 MAART

8[illegible]-10[illegible]

TEE[illegible] SAAL

KARRI OF JURY

Baie dankie aan ons ouers en leerders vir hulle harde werk tydens die funksies!

JFSE PA-EN-SEUN-MANNEAAND

8 MAART 2024

17:00

Multisentrum

R200 per persoon

Kostes sluit in: braaipak en bykosse

(Kontantkroeg vir pa's beskikbaar.)

Toerspanne word om 19:00 aangekondig.

o/14-, o/15-, o/16-, 4de, 3de, 2de en 1ste spanne is betrokke!!!

Netbal

NETBALBEPALINGS

16 Maart 2024

GOUDVELD VS JIM FOUCHE

Tyd	Baan 1	Baan 3	Baan 4	Tennisbaan
08:30 - 09:10	o/17-A	o/19-C	o/14-B	o/14-D
09:10 -09:50	o/16-A	o/19-B	o/19-D	o/15-D
09:50 -10:30	o/15-A	o/16-B	o/15-C	o/16-C
10:30 -11:10	o/14-A	o/15-B	o/14-C	
11:10 -12:10	o/19-A			

UFS

CENTRAAL24

Sport

Skaak

Bloemfontein Skoleliga: 8 Maart
O/15-span: 3de
HJ de Villiers is aangewys as bord 1-wenner en
Janco Coertzen as bord 3-wenner.
In die individuele afdeling kom Hennie Schoonwinkel 6de uit 52 spelers.

Karate

Baie geluk

Janco Scheepers het deelgeneem aan die Family Fest op 09 Maart 2024 in die ouderdomsgroep 13 – 14 jaar
Janco Scheepers (2nd Degree Black Belt):
DIVISION
TRADITIONAL COMBAT WEAPON - MEDALS RECEIVED (3RD - BRONZE)
TRADITIONAL SPARRING - MEDALS RECEIVED (3RD - BRONZE)
Janco Scheepers het deelgeneem aan die SA Nasionale Kampioenskappe op 9 Maart 2024 in die ouderdomsgroep 13 – 14 jaar.
Janco (2nd Degree Black Belt) het die volgende uitslae behaal:
DIVISION
TRADITIONAL TAEKWONDO FORM - MEDALS RECEIVED (3RD - BRONZE)
TRADITIONAL WEAPON FORM - MEDALS RECEIVED (3RD - BRONZE)
TRADITIONAL COMBAT WEAPON - MEDALS RECEIVED (3RD - BRONZE)
TRADITIONAL SPARRING - MEDALS RECEIVED (2ND - SILVER

Denica Scheepers het deelgeneem aan die Nasionale Kampioenskappe op 9 Maart 2024 in die ouderdomsgroep 15 -17 jaar.
Denica (3rd Degee Black Belt) het die volgende uitslae behaal:
DIVISION
TRADITIONAL TAEKWONDO FORM - MEDALS RECEIVED (2ND - SILVER)
TRADITIONAL WEAPON FORM - MEDALS RECEIVED (2ND - SILVER)
TRADITIONAL COMBAT WEAPON - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)
TRADITIONAL SPARRING - MEDALS RECEIVED (2ND - SILVER)
TEAMS COMBAT WEAPON - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)
TEAMS SPARRING - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)

Denica Scheepers het deelgeneem aan die Family Fest op 10 Maart 2024 in die ouderdomsgroep 15 – 17 jaar.
Denica (3rd Degree Black Belt) het die volgende uitslae behaal:
DIVISION
TRADITIONAL TAEKWONDO FORM - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)
TRADITIONAL WEAPON FORM - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)
TRADITIONAL COMBAT WEAPON - MEDALS RECEIVED (2ND - SILVER)
TRADITIONAL SPARRING - MEDALS RECEIVED (2ND - SILVER)
TEAMS COMBAT WEAPON - MEDALS RECEIVED (1ST - GOLD)
TEAMS SPARRING - MEDALS RECEIVED (3RD - BRONZE)

#trotsJF

https://jfoester.co.za/

JF Oester

Die storie agter die stories

Tweede pick in die Media 24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2011 (begroting minder as R10 000) 2014 - 9de in SA - 2015 6de in SA - 2017 7de in SA - 2018 Winner

HULLE WEET NOU WAT ONS WEET – OPEDAG 2024

TWANE MEYER

Ons Jim Fouché-familie het op Vrydag 8 Maart laerskole regoor die stad genooi om 'n bietjie vir ons te kom kuier.

Die graad 8- tot 10-leerders van Jim Fouché het die laerskole by die hoofpawiljoen ontvang en vir hulle gewys dat ons dié skool met gees is! Terwyl hulle 'n 'toer om ons skool gevat het,' het die graad 11- en 12-leerders hulle in die saal ingewag, waar hulle saam met die Teambo-span geraas gemaak het. Ons kan definitief sê dat ons almal se litte lekker los gemaak is en ons ritme bietjie getoets is! 'n Eksperiment is daarna in die saal uitgevoer, wat definitief 'n paar leerders hoër as die boks self laat spring het!

Die amptelike verwelkoming en opening is deur ons hoof- en onderhoofleiers waargeneem. Daarna het meneer Wilken die verhoog met trots bestyg, 'n bietjie meer van ons skool vertel en met al ons mooi prestasies gespog: van elke wedstryd wat gewen is, elke medalje wat uitgedeel is, akademiese toekenning wat behaal is, en bowenal, van die toewyding, bloed en sweet, wat nodig was om hierdie drome waar te maak.

Sweet Caroline, wat nou al 'n tradisie geword het hier by Jim Fouché, is uit volle bors gesing deur die hele skoolsaal. Daarna het die voorstelling van elke sportsoort en kultuuraktiwiteit plaasgevind. Die JF akkers het ook vir ons n paar 'moves' kom gooi en die goue stemme van die Bellissima-groep het vir hoendervleis gesorg!

Meneer Wilken moes ook toe natuurlik sy "dad joke" met ons deel: "Wat is die voordele van getroud wees met 'n bokser? Hy lyk anders na elke fight." Op hierdie noot het ons rasieleiers van 2024 die saal binnegekom met hulle ikoniese Dricus du Plessis-uitrustings en ons weereens kom wys presies net wié gees het!

En hiermee het die "advertensieflits" (soos meneer Wilken dit stel) tot 'n einde gekom, en baie tevrede (en opgewonde!) graadsewes het teruggekeer na hul onderskeie skole.

Hoërskool Jim Fouché nooi nou alle ouers en toekomstige JF'ers weer uit om ons op 15 April 2024 vir die Ouerinligtingsaand te kom besoek.

Kurt Darren sing in sy enkelsnit: "Hulle weet nie wat ons weet nie," maar Bloemfontein se graadsewes **weet nou beslis wat ons weet!**

Ons as 'n JF-familie kan nie wag om julle met ope arms in 2025 te ontvang nie! <<<

https://jfoester.co.za/

Oester

Die storie agt stories

JF Oester
Die storie agter d
ONSKAN
JF vs Witeberg
Wesgrow sentrale skole spertreeks
https://jfoester.co.za/